# 1 Augustus 2023 - Lesing 87 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Waarskuwende woorde oor die einde **–** 19/11/58

**NO: 7211** Berei julle voor op swaar beproewinge wat julle in 'n meerdere of mindere mate sal tref, want steeds kom die einde nader. Daar moet nog op alle mense ingewerk word, sodat hulle ernstig oor die einde kan begin nadink, hetsy oor hulle eie lewens-einde of oor wat die hele wêreld te wagte staan. Hulle moet nou ernstig vermaan word om hulself voor te berei, want daar bly vir hulle nie meer veel tyd oor nie. Sodanig sal julle mense steeds weer van Myself verneem wat julle te wagte staan en julle sal goed daaraan doen om My Woorde ter harte te neem, **dit te aanvaar as die suiwere waarheid** en julle lewens daarvolgens in te rig.

En daar is steeds mense wat probeer om sulke waarskuwings en vermanings te versag; wat My Woorde as ongeloofwaardig voorstel en probeer om dit, wat buitengewoon gewigtig is, as onbeduidend af te maak, **terwyl dit julle sielstoestand vir ewig kan bepaal.** Luister nie na hierdie mense nie, maar hou julle by My Woord wat **steeds weer uit die Hoogte na julle toe kom.**

Ek Self sorg daarvoor dat julle die kennis ontvang; en wie dit hoor moet dit ook ernstig opneem en as 'n liefdesbewys beskou dat Ek sy siel wil red en hom daarom aanspreek. Ek weet wie My Woord sal aanneem en al hierdie vermaan Ek om My Woord in die hart te oorweeg en daarvolgens te lewe, sodat dit wat sal en moet kom, hulle **nie plotseling en geheel onvoorbereid sal tref nie**, - vanweë die tallose mense wat doof en blind voortlewe.

Maar julle wat My Woorde gelowig aanneem, julle sal nog baie kan **bydra tot opheldering**, deurdat julle die medemense daarop sal kan wys waaroor julle reeds vir lank, deur My Woord, kennis oor gehad het. Julle sal hulle dan ook die versekerde op hande synde einde kan aankondig, wat nie lank daarna sal volg nie.

Want in My Liefde en Barmhartigheid wil Ek die mense nog **'n laaste genadetermyn gee** waarin hulle kan inhaal wat hulle tot nog toe versuim het. Daarom ontvang hulle **vooraf nog 'n bewys van die geloof-waardigheid van alle bekendmakinge** wat Ek julle laat toekom, op so 'n natuurlike wyse, dat julle netso maklik geneig sal wees om daaraan te twyfel.

Wat in My plan besluit lê, sal onherroeplik vervul word. My plan is egter welbedag in alle Wysheid en sal daarom ook nie deur My omvêrgewerp of verander word nie, nóg wat die wyse waarop, nóg wat die tyd aanbetref. Daarom kan julle My Woord as onveran-derlik aanneem en julle lewe ook dienooreenkomstig lei.

Julle sal geen spyt daaroor hoef te hê nie, want om aardse goedere te verwerf sal heel nutteloos blyk te wees, **omdat alles weer van julle ontneem sal word**. Maar om **geestelike rykdom** te verwerf, sal slegs vir julle moontlik wees as julle wil ernstig daarop gerig sal wees.

Luister na My Woord en glo aan die waaragtigheid van Hom Wie dit vir jou laat toekom. En oorweeg dan by jouself met welke erns jy nog aan jouself sal moet arbei om jou staande te hou voor My, wanneer die uur geslaan het wanneer Ek jou sal wegroep van hierdie wêreld af.

Geeneen van julle weet wanneer daardie uur vir hom sal aanbreek nie, maar vir julle almal is dit nader as wat julle dink. Daarom roep My Liefde julle steeds weer toe: Berei julle voor en **beskou slegs dit wat dienstig is vir julle geestelike ontwikkeling as belangrik**.

Al die ander is onbelangrik en sal steeds onbelangriker word hoe nader die einde kom. Dat die einde egter nader, is sekerlik waar en daaraan moet julle nie twyfel nie, maar glo. Amein.